UNIE VAN SUID-AFRIKA
BURO VIR SENSUS EN STATISTIEK

UNION OF SOUTH AFRICA
BUREAU OF CENSUS AND STATISTICS

BEVOLKINGSENSUS
8 MEI 1951

POPULATION CENSUS
8th MAY, 1951

BOEKDEEL VIII

VOLUME VIII

SUID-AFRIKAANSE LEWENSTABELLE

VIR

BLANKES, KLEURLINGE EN ASIATE

UITGEGEE OP GESAG

PRYS 11s. 6d.

SOUTH AFRICAN LIFE TABLES

FOR

WHITES, COLOUREDS AND ASIATICS

PUBLISHED BY AUTHORITY

PRICE 11s. 6d.

DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA
THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA
G.P.-S.263509—1960-61—1,100

U.G. 49/1960
Drukkoste
Cost of Printing } £450

UNIE VAN SUID-AFRIKA
BURO VIR
SENSUS EN STATISTIEK

UNION OF SOUTH AFRICA
BUREAU OF
CENSUS AND STATISTICS

BEVOLKINGSENSUS
8 MEI 1951

POPULATION CENSUS
8th MAY, 1951

BOEKDEEL VIII

VOLUME VIII

SUID-AFRIKAANSE LEWENSTABELLE

SOUTH AFRICAN LIFE TABLES

VIR

FOR

BLANKES,
KLEURLINGE EN
ASIATE

WHITES,
COLOUREDS AND
ASIATICS

Uitgegee op gesag

Published by authority

DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA
THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA
G.P.-S.263509—1960-61—1,100.

U.G. 49/1960.

VOORWOORD.

BOEKDEEL VIII—LEWENSTABELLE.

Hierdie boekdeel is die agste van die reeks verslae oor die bevolkingsensus van die Unie van Suid-Afrika wat op 8 Mei 1951 opgeneem is. Die volgende boekdele het reeds verskyn:—

I Geografiese indeling van die bevolking (alle rasse)—U.G. 42/1955.

II Huwelikstaat van die Blanke bevolking (tesame met 1946-sensussyfers vir alle rasse)—U.G. 61/1954.

III Godsdiens van die Blanke bevolking (tesame met 1946-sensussyfers vir alle rasse)—U.G. 62/1954.

IV Geboorteplekke, jaar van aankoms en burgerskap van die Blanke bevolking (tesame met 1946-sensussyfers vir alle rasse)—U.G. 34/1954.

V Leeftye (alle rasse)—U.G. 42/1958.

VI Tale (alle rasse) en geletterdheid (Naturelle)—U.G. 64/1958.

VII Huwelikstaat, godsdiens en geboorteplekke van Kleurlinge, Asiate en Naturelle—U.G. 38/1959.

Hierdie verslag bestaan uit drie stelle lewenstabelle. Aparte tabelle is opgestel vir Blankes (Europeane), Kleurlinge en Asiate. Vir statistiese doeleindes word gewoonlik onderskei tussen vier rassegroepe, maar hoofsaaklik omrede die feit dat die registrasie van Bantoe- (Naturelle-) sterfgevalle nog baie onvolledig is, is tot nog toe geen poging aangewend om 'n amptelike lewenstabel vir die Bantoebevolking van die Unie op te stel nie. Die benaming „ Kleurling " het betrekking op persone wat nie Blankes, Asiate of Bantoes is nie, en behels hoofsaaklik die groep bekend as die Kaapse Kleurlinge, maar die Kaapse Maleiers en klein getalle van gemengde rasse word ook ingesluit.

H. M. STOKER,
Direkteur van Sensus en Statistiek.

Pretoria,
Mei 1960.

PREFACE.

VOLUME VIII—LIFE TABLES.

This volume is the eighth of the series of reports on the census of the population of the Union of South Africa taken on 8th May, 1951, the volumes previously issued being:—

I Geographical distribution of the population (all races)— U.G. 42/1955.

II Marital status of the White population (together with 1946 census figures for all races)—U.G. 61/1954.

III Religions of the White population (together with 1946 census figures for all races)—U.G. 62/1954.

IV Birthplace, year of arrival and nationality of the White population (together with 1946 census figures for all races)—U.G. 34/1954.

V Ages (all races)—U.G. 42/1958.

VI Languages (all races) and literacy (Natives)—U.G. 64/1958.

VII Marital status, religions and birthplaces of Coloureds, Asiatics and Natives—U.G. 38/1959.

This report consists of three sets of life tables, separate tables having been prepared for Whites (Europeans), Coloureds and Asiatics. For statistical purposes four racial groups are usually distinguished, but chiefly on account of the fact that the registration of Bantu (Native) deaths is still very incomplete, no attempt has yet been made to construct an official life table for the Bantu population of the Union. The term " Coloured " refers to persons who are not Whites, Asiatics or Bantu, and comprises chiefly the group known as the Cape Coloured, but the Cape Malays and small numbers of mixed races are also included.

H. M. STOKER,
Director of Census and Statistics.

Pretoria,
May, 1960.

INHOUDSOPGAWE.

GRAFIEKE.

TABELLE.

CONTENTS.

CHARTS.

TABLES.

VERSLAG

oor die

Negende Sensus van die Bevolking van die Unie van Suid-Afrika, 8 Mei 1951.

SUID-AFRIKAANSE LEWENSTABELLE.

INLEIDING.

Die lewenstabelle in hierdie verslag is die vyfde vir Blankes, die derde vir Kleurlinge (gemengdes en ander Kleurlinge met uitsondering van Asiate en Bantoes) en die tweede vir Asiate opgestel deur die Buro vir Sensus en Statistiek van die Unie van Suid-Afrika.

Die vorige tabelle opgestel deur die Buro vir Sensus en Statistiek is soos volg:—

No. E. 1 1920–22—Blankes.
No. E. 2 1925–27—Blankes.
No. E. 3 1935–37—Blankes.
No. E. 4 1945–47—Blankes.
No. C. 1 1935–37—Kleurlinge.
No. C. 2 1945–47—Kleurlinge.
No. A. 1 1945–47—Asiate.

OPSTELLING VAN SUID-AFRIKAANSE LEWENSTABELLE NOS. E. 5, C. 3 EN A, 2.

Die lewenstabelle is opgestel vir manlik en vroulik afsonderlik ten opsigte van die blanke, die Kleurling- en die Asiatebevolking. Die grondgegewens wat gebruik is, is die aangetekende sterftes vir die jare 1950 tot 1952 en die bevolkingsyfers verkry uit die sensus van 8 Mei 1951, volgens individuele leeftye. Deur gebruikmaking van geboorte-, sterfte- en volkstrekstatistiek is die bevolkingsyfers aangesuiwer om die stand by die middel van die jaar aan te toon.

Die grondbeginsels waarvolgens die lewenstabelle opgestel is, is soos volg:—

Die bevolking en die sterftes is opgetel in vyfjaarleeftydsgroepe en die getalle by die middeljare van die groepe bereken deur interpolasie. Uit hierdie syfers is die sterftesyfers met tussenpose van vyf jaar bereken, wat basiese sterftesyfers genoem sal word. Uiteindelik is die jaarsyfers tussen basiese sterftesyfers deur oskulerende interpolasie verkry. Hierdie metode is toegepas om die waardes van leeftye 6 jaar en hoër te verkry vir Blankes, 5 jaar en hoër vir Kleurlinge en 7 jaar en hoër vir Asiate. Vir die laer leeftye is sterftesyfers geraam uit geboortes en sterftes. Die ander funksies van die lewenstabel is almal afgelei van die sterftesyfers.

Vergelyk met die lewenstabelle vir 1945–47, is daar verskille in die toegepaste tegniek en formules, wat sal blyk uit wat volg.

Gegewens gebruik.—Die bevolkingsyfers verkry uit die resultate van die sensus van 8 Mei 1951 is aangesuiwer om die stand volgens afsonderlike leeftye op 30 Junie 1951 aan te dui deur spesiaal getabelleerde geboorte-, sterfte- en volkstrekstatistiek vir die twee maande Mei en Junie 1951 te gebruik.

Geboorte- en sterfteregistrasie is verpligtend dwarsdeur die Unie vir Blankes, Kleurlinge en Asiate, en die registers toon sterftes volgens afsonderlike leeftye en geboortes volgens die vier kwartale van die jaar. Verder word sterftes in die eerste lewensjaar volgens leeftyd onder 1 dag, 1 tot 6 dae, 7 tot 13 dae, 14 tot 20 dae, 21 tot 30 dae, 1 tot 2 maande, 3 tot 5 maande, 6 tot 8 maande en 9 tot 11 maande aangedui.

REPORT

on the

Ninth Census of the Population of the Union of South Africa, 8th May, 1951.

SOUTH AFRICAN LIFE TABLES.

INTRODUCTION.

The life tables in this report are the fifth for Whites, the third for Coloureds (mixed and other Coloured—excluding Asiatics and Bantu) and the second for Asiatics, constructed by the Bureau of Census and Statistics of the Union of South Africa.

The previous tables constructed by the Bureau of Census and Statistics are as follows:

No. E. 1 1920–22—Whites.
No. E. 2 1925–27—Whites.
No. E. 3 1935–37—Whites.
No. E. 4 1945–47—Whites.
No. C. 1 1935–37—Coloured.
No. C. 2 1945–47—Coloured.
No. A. 1 1945–47—Asiatics.

CONSTRUCTION OF SOUTH AFRICAN LIFE TABLES NOS. E. 5, C. 3 AND A. 2.

The life tables have been constructed for males and females separately in respect of the White, Coloured and Asiatic populations. The basic data used were the recorded deaths for the years 1950 to 1952 and the population figures by single ages, obtained from the census of the 8th May, 1951. The population figures were adjusted to bring them to the middle of the year by making use of birth, death and migration statistics.

Basically, the method used for the construction of the tables was as follows:—

The population and deaths were summed in quinquennial age-groups and the numbers at the middle years of the groups calculated by interpolation. From these figures the mortality rates at five-yearly intervals, which will be referred to as pivotal rates of mortality, were calculated; and finally the annual rates between pivotal values were obtained by means of osculatory interpolation. This method was applied to obtain values from age 6 upwards for Whites, from age 5 upwards for Coloureds and from age 7 upwards for Asiatics. For the lower ages the mortality rates were estimated from births and deaths. The other functions of the life table were all derived from the mortality rates.

Compared with the life tables for 1945–47, there are differences in technique and formulae applied which will become plain in what follows.

Data used.—The population figures obtained from the results of the census of 8th May, 1951, were adjusted to show the position at the 30th June, 1951, by using specially tabulated birth, death and migration statistics for the two months May and June, 1951.

Birth and death registration is compulsory throughout the Union for Whites, Coloured and Asiatics and the records show deaths in single ages and births according to the four quarters of the year. Furthermore, deaths in the first year of life are shown by age under 1 day, 1 to 6 days, 7 to 13 days, 14 to 20 days, 21 to 30 days, 1 to 2 months, 3 to 5 months, 6 to 8 months and 9 to 11 months.

Die eienskappe van die bevolking en ander statistiek gebruik, is bespreek in die vorige verslag (lewenstabelle vir 1945–47) en die volgende is in 'n groot mate 'n herhaling, afgesien van die datums en leeftye.

Die bevolkingsyfers ten opsigte van Blankes toon 'n ongelyke verdeling by sekere leeftye. Die oorsake van die meeste van hierdie onreëlmatighede kan opgespoor word deur die jare van geboorte van die persone by die leeftye waar die onreëlmatighede merkbaar is, na te slaan. Van leeftyd 48 tot by 55 is daar bv. skynbare tekorte in die getelde getalle manlikes en vroulikes ten tyde van die sensus. As 48 afgetrek word van die sensusjaartal, dan is 1903 en vroeëre jare die geboortejare van die persone, nl. die tydperk onmiddellik na en gedurende die Anglo-Boereoorlog van 1899–1902, wat natuurlik die geboortesyfer ernstig versteur het. By leeftyd 35 is daar 'n aanmerklike tekort, wat teruglei tot die Eerste Wêreldoorlog van 1914–18. Op dieselfde manier is die spore van eknomiese depressie op die bevolking gelaat, soos bv. getoon word deur die tekorte by leeftye 17 tot omtrent 19, wat teruglei tot 1932 en die daaropvolgende jare, wat ooreenstem met die tydperk van 'n ekonomiese depressie in die Unie.

Die sterftes word natuurlik beïnvloed deur die onreëlmatige verdeling van die bevolking, maar boonop word die verskynsel van „ ophoping " opgemerk in die sterftes, wat veroorsaak word deurdat voorkeur vir leeftye eindigende op sekere syfers soos 0, 5 en gelyke getalle getoon word deur beriggewers wanneer die sterftes geregistreer word, wat lei tot buitensporige groot getalle by leeftye eindigende op hierdie syfers en tekorte by ander. Die uitwerking kan in grafiek 2 bespeur word, veral by leeftye 40, 50, 60, 65 ensovoorts. Die mate daarvan word aangetoon deur Myers se metode, waarvan die resultate verder aan in hierdie verslag gegee word.

Ophoping is nie baie opmerklik by die blanke bevolking nie. Die feit dat die datum van geboorte sowel as eie leeftyd gevra is in die sensusvorm het daartoe gelei dat baie noukeurige opgawes van leeftye verkry is. Die grafiek toon geen groot ophoping by leeftye bo 55 jaar nie, waar die syfers betreklik vry van onreëlmatighede is wat sulke foute kan verberg. Myers se toets toon geen betekenisvolle ophoping by die syfers 0 en 5 nie, alhoewel die onreëlmatige leeftydsverdeling van die bevolking die neiging kan hê om 'n sekere mate van ophoping te verberg.

In die geval van bevolking en sterftes by Kleurlinge en Asiate is die verskynsel van ophoping een van die vernaamste faktore wat in aanmerking geneem moet word (grafieke 3 tot 6). Daar sal opgemerk word dat die fout ernstiger is by die sterftes as by die bevolking, aangesien relatief groter konsentrasies by die syfers 0 en 5 getoon word. Dit is te verwag by 'n bevolking waar leeftye minder noukeurig bekend is, aangesien die onsekerheid aangaande die juiste leeftyd groter sal wees in die geval van 'n sterfte, waar 'n tweede party die besonderhede vir die aantekening van die sterfte moet verskaf.

Groepering van bevolking en sterftes.—'n Studie van die gegewens is gemaak om vas te stel watter groeperings vir bevolking en sterftes die beste resultate sal lewer. Myers se metode[1] is gebruik om die mate van ophoping by verskillende leeftye vas te stel en die doeltreffendheid van verskillende groeperings is getoets[2].

'n Elementêre metode om die ophoping by sekere syfers in die gegewens aan te toon, sou wees om die getalle vir alle leeftye eindigende op 0, alle leeftye eindigende op 1, ens., tot by leeftye eindigende op 9 op te tel en uit te druk as persentasie van die totaal. 'n Mens sou verwag dat elkeen van hierdie somme 10 persent van die totaal sou uitmaak in die geval van gegewens waar geen ophoping of ander steurende element teenwoordig is nie, maar daar is bewys dat dit nie so is nie, want die resultate is gelaai as gevolg van die feit dat die telling by 'n besondere syfer begin, wat lei tot 'n oordrywing van die som vir hierdie syfer, aangesien die bevolking by 'n sekere leeftyd gewoonlik groter is as by die volgende hoër leeftyd.

The peculiarities of the population and other statistics used, were discussed in the previous report (life tables for 1945–47), and the following is to a large extent a repetition, except for the dates and ages concerned.

The population figures for Whites show an uneven distribution at certain ages. The causes of these irregularities can be traced by referring to the years of birth of the persons at the ages where irregularities are noticeable. For example, commencing at age 48, there are apparent deficiencies in the numbers of the males and females enumerated. Deducting the age 48 from the census date 1951, the years of birth of these persons are obtained as 1903 and earlier years, which is the period immediately after and during the Anglo-Boer War of 1899–1902, which naturally had a disturbing effect on the birthrate. At age 35, there is a marked deficiency and this leads back to the First World War of 1914–18. Similarly, the marks of economic depressions have also been left on the population, as for instance is shown by the deficiencies at ages 17 to about 19, which lead back to 1932 and succeeding years, concurring with the time of an economic depression in the Union.

The deaths are, of course, affected by the uneven distribution of the population, but, in addition, the phenomenon known as " heaping " is noticed in the deaths, which is caused by a preference for ages ending in certain digits like 0, 5 and even numbers being shown by informants when registering the deaths, leading to unduly large numbers at ages ending in these digits, and deficiencies at others. The effect can be seen in chart 2, especially at ages 40, 50, 60, 65 and so on. The extent of the heaping is shown by Myers' method, the results of which are given further on in this report.

Heaping is not very evident in the white population. The fact that date of birth as well as age was asked for in the census questionnaire resulted in very accurate returns of ages being obtained. The chart shows no great heaping at ages above 55 years, where the figures are relatively free from irregularities which may tend to cover up such errors. Myers' test does not show any significant heaping at digits 0 and 5, although, of course, the irregular age distribution of the population may tend to obscure a certain amount of heaping present in the data.

In the case of the Coloured and Asiatic population and deaths, the heaping phenomenon is one of the main factors that has to be considered (charts 3 to 6). It will be noticed that the error is more serious for the deaths than for the population, as relatively larger concentrations at the digits 0 and 5 are shown. This is to be expected in a population where ages are less perfectly known, as in the case of a death the uncertainty in regard to the exact age would be greater where a second party has to furnish the particulars for the recording of the death.

Grouping of the population and deaths.—A study of the data was made in order to determine which groupings for population and deaths would give the best results. Myers' method[1] was used to determine whether any heaping was present at certain ages in the population and deaths, and the effectiveness of different groupings was tested[2].

An elementary method of showing heaping at certain digits in the data would be to sum the numbers for all ages ending in 0, all ages ending in 1, etc., up to ages ending in 9, and expressing these sums as percentages of the total. One might expect each of these sums to be 10 per cent of the total in data where no heaping or other disturbing element is present, but it has been shown that this is not so as the results are biassed owing to the fact that the count is started at a particular digit, leading to an over-statement of the sum for this digit, since normally the population at a certain age is larger than that at the next higher age.

(1) " Errors and bias in the reporting of census data " deur R. J. Myers, Transactions, Actuarial Society of America, Vol. 41, Deel 2, No. 104, Oktober–November 1940.

(2) United States Life Tables and Actuarial Tables, 1939–41, bladsy 121.

(1) "Errors and bias in the reporting of census data" by R. J. Myers, Transactions, Actuarial Society of America, Vol. 41, Part 2, No. 104, October–November, 1940.

(2) United States Life Tables and Actuarial Tables, 1939–41, page 121.

Myers se metode skakel hierdie fout uit deur die telling beurtelings by elkeen van die 10 syfers te laat begin en die gemiddelde van die resultate te neem. 'n „ Indeks van voorkeur ", wat die som is van die absolute afwykings van 10 persent af en wat die mate van ophoping toon, volg uit die metode.

Die doeltreffendste groepering van die gegewens is vasgestel deur die persentasies vir die tien syfers in vyf vyfjaargroeperings op te tel en op te let watter een die minste afwyk van 50 persent.

Die resultate verkry deur toepassing van die metode op die gegewens vir die bevolking en sterftes word hieronder aangetoon. Die metode is aangewend vir beginleeftye 10 tot 19, en optellings is gemaak tot leeftyd 99. Die syfers in deel (*a*) van die tabel toon die bevolking en sterftes by die verskillende syfers van leeftyd as persentasie van die betrokke totale, terwyl die syfers in deel (*b*) dieselfde persentasies opgetel in groepe van vyf is.

TOETSING (*a*) VAN VOORKEUR VIR SEKERE SYFERS BY LEEFTYD EN (*b*) VIR DOELTREFFENDSTE GROEPERING DEUR MYERS SE METODE:

TESTING (*a*) OF PREFERENCE FOR CERTAIN DIGITS OF AGE AND (*b*) OF MOST EFFECTIVE GROUPING BY MEANS OF MYERS' METHOD.

(*a*) Voorkeur.—Preference.					(*b*) Groepering.—Grouping.				
Leeftye eindigende op:— Ages ending in:—	Manlik.—Male.		Vroulik.—Female.		Leeftye eindigende op:— Ages ending in:—	Manlik.—Male.		Vroulik.—Female.	
	Bevolking. Population.	Sterftes. Deaths.	Bevolking. Population.	Sterftes. Deaths.		Bevolking. Population.	Sterftes. Deaths.	Bevolking. Population.	Sterftes. Deaths.
	Blankes.—Whites.								
0	10·1	10·2	10·1	10·4					
1	10·1	9·4	9·9	9·1	1–5	50·1	50·0	50·2	50·1
2	10·0	10·2	10·0	10·2					
3	10·0	10·1	10·1	9·9	2–6	50·1	50·5	50·3	51·3
4	10·0	9·9	10·1	10·2					
5	10·0	10·3	10·1	10·7	3–7	50·1	50·0	50·3	50·8
6	10·0	9·9	10·0	10·2					
7	10·1	9·8	10·0	9·8	4–8	50·0	49·9	50·1	50·8
8	9·8	10·0	9·9	9·9					
9	9·8	10·2	9·7	9·6	5–9	49·8	50·2	49·7	50·2
Indeks van voorkeur Index of preference	0·7	2·0	0·9	3·4					
	Kleurlinge.—Coloureds.								
0	12·7	19·9	12·4	18·9					
1	9·8	7·0	9·7	6·9	1–5	48·7	45·8	49·1	46·2
2	9·6	9·2	9·7	9·3					
3	9·3	7·7	9·5	8·6	2–6	49·0	47·4	49·4	48·0
4	9·2	7·5	9·4	8·6					
5	10·9	14·3	10·8	12·8	3–7	48·4	45·9	48·8	46·4
6	10·9	8·6	10·0	8·7					
7	9·1	7·7	9·1	7·8	4–8	49·3	48·5	49·4	47·8
8	10·2	10·3	10·1	10·0					
9	9·3	7·7	9·3	8·5	5–9	49·5	48·6	49·3	47·7
Indeks van voorkeur Index of preferenc	7·5	29·1	6·6	23·3					
	Asiate.—Asiatics.								
0	11·2	14·5	11·6	12·7					
1	10·4	8·3	10·2	8·2	1–5	49·8	47·4	49·5	47·8
2	9·9	9·4	9·8	9·4					
3	9·8	8·7	9·4	8·9	2–6	49·3	49·3	49·4	48·9
4	9·4	7·9	9·5	9·6					
5	10·4	13·2	10·7	11·6	3–7	49·0	49·3	49·1	49·1
6	9·9	10·2	10·1	9·3					
7	9·6	9·4	9·5	9·6	4–8	49·2	50·8	49·8	51·7
8	10·0	10·1	10·0	11·5					
9	9·6	8·5	9·3	9·1	5–9	49·3	51·4	49·6	51·1
Indeks van voorkeur Index of preference	3·8	15·8	5·1	11·7					

Die indekse van voorkeur vir die blanke bevolking is laag, maar in ieder geval dui hulle nie die gewone patroon van ophoping aan nie, soos duidelik blyk uit deel (*a*) van die tabel.

Die saak is anders vir blanke sterftes, waar daar 'n sekere mate van ophoping van die gewone aard geopenbaar word. Syfers 0 en 5 toon die hoogste persentasies, terwyl 1 die laagste toon.

Die indekse van voorkeur vir Kleurlinge en Asiate toon 'n veel hoër mate van ophoping, veral in die geval van sterftes, soos verwag kan word. Die fout vir Kleurlinge is ernstiger as vir Asiate.

Myers' method eliminates this bias by starting the count at each of the ten digits in turn and averaging the results. An " index of preference ", which is the sum of the absolute deviations from 10 per cent, and which shows the extent of the heaping present, follows from the method.

The most effective grouping of the data was determined by summing the percentages for the ten digits in the five quinquennial groupings and observing which differed least from 50 per cent.

The results obtained by applying the method to the data for population and deaths are shown below. The method was applied for starting ages 10 to 19 and summations were carried out up to age 99. The figures in part (*a*) of the table show the population and deaths at the various digits of age as a percentage of the totals concerned, while the figures in section (*b*) are the same percentages summed in groups of five.

The indices of preference for the white population are low, but in any case do not indicate the usual pattern of heaping, as is evident from part (*a*) of the table.

The case is different for white deaths, where a certain measure of heaping of the usual nature is revealed. Digits 0 and 5 show the highest percentages, while digit 1 shows the lowest.

The indices of preference for Coloured and Asiatic indicate a much higher degree of heaping, especially in the case of deaths, as might be expected. The error for Coloureds is more serious than that for Asiatics.

By die seleksie van die groepering is dit wenslik beskou om dieselfde groepering vir manlikes en vroulikes van iedere ras te gebruik.

Met inagneming hiervan, is die groepering 1–5 vir Blankes, 5–9 vir Kleurlinge en 2–6 vir Asiate gekies.

Berekening van sterftesyfer q_x.—Die berekenings van die sterftesyfers by die verskillende leeftye, word hieronder beskryf. Behalwe in die geval van leeftye 6 tot omtrent 20 jaar en bo 80 jaar is die metodes dieselfde as dié gebruik vir die 1945–47-lewenstabelle.

Leeftyd 0.—Vir die berekening van die sterftesyfer vir die leeftyd onder 1 jaar is gebruik gemaak van die formule wat die ware sterfte aangee, nl.—

$$q_x = 1 - \delta p_x{}^z \cdot a p_x{}^z$$

soos gegee deur H. H. Wolfenden (1) waar $ap_x{}^z$ die kans is dat 'n persoon wat leeftyd x gedurende die kalenderjaar z bereik, gemiddeld tot die einde van daardie kalenderjaar sal lewe en $\delta p_x{}^z$ die kans dat 'n persoon in die jaar van leeftyd x by die begin van die kalenderjaar z gemiddeld sal lewe tot die leeftyd $x + 1$ gedurende daardie jaar.

Ons het verder dat

$$a p_x{}^z = \frac{P_x{}^{z+1}}{E_x{}^z} \text{ en } \delta p_x{}^z = \frac{E^z{}_{x+1}}{P_x{}^z}$$

waar $P_x{}^z$ en $P_x{}^{z+1}$ die bevolkings onderskeidelik by die begin en einde van die kalenderjaar z aandui en $E_x{}^z$ en $E^z{}_{x+1}$ dié wat onderskeidelik leeftyd x en $x + 1$ gedurende die kalenderjaar z bereik.

Met invoering van die waardes $\delta D_x{}^z$, die sterftes wat plaasvind tussen die begin van die kalenderjaar en die bereiking van leeftyd $x + 1$, en $aD_x{}^z$, die sterftes tussen bereiking van leeftyd x en die einde van die kalenderjaar, het ons die volgende verbande:—

$$\delta D_x{}^z = P_x{}^z - E^z{}_{x+1} \text{ en}$$
$$a D_x{}^z = E_x{}^z - P_x{}^{z+1}$$

Vir die jaar van leeftyd 0 word die verbande:—

$$q_o = 1 - \delta p_o{}^z \cdot a p_o{}^z;$$
$$a p_o{}^z = \frac{P_o{}^{z+1}}{E_o{}^z} \text{ en } \delta p_o{}^z = \frac{E_1{}^z}{P_o{}^z};$$
$$\delta D_o{}^z = P_o{}^z - E_1{}^z;$$
$$a D_o{}^z = E_o{}^z - P_o{}^{z+1}.$$

$E_o{}^z$ stel geboortes gedurende die kalenderjaar z voor, en $E_1{}^z$, $P_o{}^z$ en $P_o{}^{z+1}$ kan gevolglik bereken word as waardes vir $aD_o{}^z$ en $\delta D_o{}^z$ beskikbaar is.

Ongelukkig is hierdie waardes nie beskikbaar uit die Unie se statistieke van sterftes nie en moet hulle geskat word. Dit is egter moontlik om hulle noukeurig uit die beskikbare gegewens te benader, soos getoon deur Wolfenden, en wel soos volg:—

As ons 1951 as die jaar onder beskouing neem, is dit duidelik dat 'n kind wat onder die leeftyd van een dag gesterf het, gedurende die tydperk 31 Desember 1950 tot 31 Desember 1951 gebore moes gewees het, d.i. gedurende 'n tydperk van 366 dae. Dus word die getal gebore gedurende 1951 en gesterf gedurende daardie jaar onder die leeftyd van een dag op $\frac{365}{366}$ van die totale sterftes onder een dag in 1951 geskat. Net so kan met die argument voortgegaan word vir sterftes van kinders van 1 tot 6 dae, 7 tot 13 dae oud, ens., tot by 9 tot 11 maande, en die verhoudings van die sterftes by hierdie leeftye word gevind as onderskeidelik $\frac{364}{371}, \frac{358}{372}$, ens., tot by $\frac{1}{2}$. As die gedeeltes van die sterftes vir hierdie leeftye opgetel word, word die getal kinders gebore en gesterf gedurende 1951 gevind, d.i. $aD_o{}^{1951}$.

aD_o is vir die jare 1949 tot 1951 en 1950 tot 1952 bereken en $\delta D_o{}^{1950-52}$ verkry deur $aD_o{}^{1950-52}$ van die totaal sterftes onder een jaar gedurende 1950 tot 1952 af te trek.

In the selection of the grouping to be used, it was considered desirable to use the same grouping for males and females of each race.

Taking this into account, the grouping 1–5 for Whites, 5–9 for Coloured and 2–6 for Asiatics was selected.

Calculation of mortality rate q_x—The methods used for the calculation of the mortality rates at the various ages are described below. Except for ages 6 to about 20 years and over 80 years, the methods are the same as those used for the 1945–47 life tables.

Age 0.—For the calculation of the mortality rate at the age of under one year, use was made of the formula giving the true mortality, namely.—

$$q_x = 1 - \delta p_x{}^z \cdot a p_x{}^z$$

given by H. H. Wolfenden (1), where $ap_x{}^z$ is the probability that a person attaining age x during the calendar year z will survive on the average to the end of that year and $\delta p_x{}^z$ the probability that a person in the year of age x at the beginning of the calendar year z will survive on the average until attainment of age $x + 1$ during that year.

We have further that

$$a p_x{}^z = \frac{P_x{}^{z+1}}{E_x{}^z} \text{ and } \delta p_x{}^z = \frac{E^z{}_{x+1}}{P_x{}^z}$$

where $P_x{}^z$ and$P_x{}^{z+1}$ denote the populations aged x at the beginning and end, respectively, of the calendar year z, and $E_x{}^z$ and $E^z{}_{x+1}$ denote those who attain age x and $x + 1$, respectively, during the calendar year z.

Introducing now the values, $\delta D_x{}^z$, the deaths which occur between the beginning of the calendar year and the attainment of age $x + 1$, and $aD_x{}^z$, the deaths between attainment of age x and the end of the calendar year, we have the following relations:

$$\delta D_x{}^z = P_x{}^z - E^z{}_{x+1} \text{ and}$$
$$a D_x{}^z = E_x{}^z - P_x{}^{z+1}$$

For the year of age 0, the relations become—

$$q_o = 1 - \delta p_o{}^z \cdot a p_o{}^z;$$
$$a p_o{}^z = \frac{P_o{}^{z+1}}{E_o{}^z} \text{ and } \delta p_o{}^z = \frac{E_1{}^z}{P_o{}^z};$$
$$\delta D_o{}^z = P_o{}^z - E_1{}^z;$$
$$a D_o{}^z = E_o{}^z - P_o{}^{z+1}.$$

$E_o{}^z$ represents births during the calendar year z, and $E_1{}^z$, $P_o{}^z$ and $P_o{}^{z+1}$ can, therefore, be calculated if values for $aD_o{}^z$ and $\delta D_o{}^z$ are available.

Unfortunately, these values are not available from the Union's statistics of deaths and they have to be estimated. It is, however, possible to estimate them closely from the available data, as shown by Wolfenden, with the following procedure:—

Taking 1951 as the year under consideration, it is clear that a child that died under the age of one day during 1951 must have been born during the period 31st December, 1950, to 31st December, 1951, i.e. during a period of 366 days. Therefore, the number born during 1951 and died during that year under the age of one day is estimated as $\frac{365}{366}$ of the total deaths under one day in 1951. Similarly, the argument can be proceeded with for the deaths of children aged 1 to 6 days, 7 to 13 days, etc., up to 9 to 11 months, and the proportions of the deaths at these ages are found as $\frac{364}{371}, \frac{358}{372}$, etc., up to $\frac{1}{2}$, respectively. Summing the proportions of the deaths for these ages, the number of children born and died during 1951, i.e. $aD_o{}^{1951}$ is obtained.

aD_o was calculated for the years 1949 to 1951 and 1950 to 1952, and $\delta D_o{}^{1950-52}$ obtained by deducting $aD_o{}^{1950-52}$ from the total deaths under one year during 1950 to 1952.

(1) „Population Statistics and their Compilation", deur H. H. Wolfenden, bladsy 76 (Actuarial Studies No. 3, Actuarial Society of America).

(1) "Population Statistics and their Compilation" by H. H. Wolfenden, page 76 (Actuarial Studies No. 3, Actuarial Society of America).

Leeftye 1 *tot* 5 *jaar*.—Aangesien die sterftes vir leeftye een jaar en daarbo nie beskikbaar is volgens gedeeltes van 'n jaar van leeftyd nie, was dit nie moontlik om die voorgaande metode op leeftye bo die eerste lewensjaar toe te pas nie. Die metode wat vir hierdie leeftye gebruik is, is dieselfde as wat gebruik is vir lewenstabelle No. 10 van Engeland en Wallis. Die formule gebruik vir die berekening van q_2 word as voorbeeld gegee—

$$q_2 = \left\{\begin{array}{c}\text{Sterftes by leeftyd 2 gedurende 1950–52}\end{array}\right\} \div \left\{\begin{array}{l}\frac{1}{8}(B^1{}_{1947} + 3B^2{}_{1947} + 5B^3{}_{1947} + 7B^4{}_{1947}) \\ \quad + \text{geboortes gedurende 1948 en 1949.} \\ +\frac{1}{8}(7B^1{}_{1950} + 5B^2{}_{1950} + 3B^3{}_{1950} + B^4{}_{1950}) \\ \quad - \text{sterftes by leeftyd 0 gedurende 1948–50.} \\ \quad - \text{sterftes by leeftyd 1 gedurende 1949–51,}\end{array}\right\}$$

waar B^1 1947 die geboortes gedurende die eerste kwartaal van 1947 voorstel, B^2 1947 die geboortes gedurende die tweede kwartaal van 1947, ens. Volkstrek is in aanmerking geneem.

Leeftye 6 *en hoër*.—Soos hierbo genoem, waar die algemene metode wat gebruik is in hooftrekke aangedui is, is basissterftesyfers met vyfjaartussenpose bereken en die waardes tussenin deur interpolasie verkry.

In die besonder was die prosedure soos volg: Uit die bevolking en sterftes in vyfjaarleeftydsgroepe gegroepeer, is die bevolking en sterftes by die middelleeftye verkry deur middel van King se formule:

$$U_{x+2} = \cdot 2 w_x - \cdot 008 \triangle^2 w_{x-5}$$

waar U_{x+2} die bevolking of sterftes by leeftyd $x + 2$ en w_x die som van vyf waardes van die bevolking of sterftes vir leeftye x tot $x + 4$ is. Die sentrale sterftesyfer, m_x, is toe bereken en q_x verkry deur die formule:

$$q_x = \frac{2m_x}{2 + m_x}$$

Dit was die basiswaardes wat in die verdere berekenings gebruik is.

By leeftye bo 80 jaar is die waardes so verkry egter nie baie noukeurig nie as gevolg van klein getalle bevolking en sterftes by hierdie leeftye, asook foute in die leeftye, en basissterftesyfers is geprojekteer, deur gebruikmaking van die waardes by die hoër leeftye wat as betroubaar beskou is, soos deur T. Greville voorgestel(1). Alhoewel die waardes so gevind, aanneembaar geblyk te wees het volgens die gewone toetse, kan hulle nogtans aan betreklike groot foute onderworpe wees. Foute in die waardes van die hoë leeftye het gelukkig slegs 'n geringe uitwerking op die waardes van ander lewenstabelle, soos lewensverwagting.

Die waardes tussen hierdie leeftye is bereken deur Jenkins se oskulerende interpolasie-formules van die vyfde verskil (2), reproduserend vir leeftye tot by 20 jaar en nie-reproduserend vir leeftye 20 jaar. Die formules is soos volg:

Reproduserende formule:

$$u_x = xu_1 + \tfrac{1}{6} x\,(x^2 - 1)\,\delta^2 u_1 - \tfrac{1}{12} x\,^3(x - 1)\,\delta^4 u_1 + yu_0 + \tfrac{1}{6} y\,(y^2 - 1)\,\delta^2 u_o - \tfrac{1}{12} y^3\,(y - 1)\,\delta^4 u_0$$

Hierdie formule reproduseer die basiswaardes.

Nie-reproduserende formule:

$$u_x = xu_1 + \tfrac{1}{6} x\,(x^2 - 1)\,\delta^2 u_1 - \tfrac{1}{36} x^3\,\delta^4 u_1 + yu_0 - \tfrac{1}{6} y\,(y^2 - 1)\,\delta^2 u_0 - \tfrac{1}{36} y^3\,\delta^4 u_0$$
waar $y = 1 - x$.

Dié formule oefen 'n graduerende uitwerking op die basiswaardes uit, wat voordelig beskou is vir leeftye bo 20 jaar. Die basiswaardes is miskien nie sonder foute nie as gevolg van onnoukeurighede in die oorspronklike gegewens, waarvan sommige reeds genoem is, en gee miskien gevolglik nie die sterftewet wat daaraan ten grondslag lê, presies weer nie, wat hierdie berekenings ten doel het om so noukeurig moontlik te benader. Derhalwe lyk dit nie onredelik om 'n geringe graduerende proses op hulle toe te pas om sodoende 'n gelykmatiger verloop van die sterftesyfers te bewerkstellig nie.

(1) United States Life Tables and Actuarial Tables, 1939–41, bl. 124-5.
(2) Population Statistics and their Compilation, deur Hugh H. Wolfenden, 1954.

Ages 1 *to* 5 *years*.—As the deaths for ages one year and above are not available by fractions of a year of age, it was not possible to apply the foregoing method to ages above the first year of life. The method employed for these ages is the same as that used for life tables No. 10 of England and Wales. The formula used for the calculation of q_2 is given as an example—

$$q_2 = \left\{\begin{array}{c}\text{Deaths at age 2 during 1950–52}\end{array}\right\} \div \left\{\begin{array}{l}\frac{1}{8}(B^1{}_{1947} + 3B^2{}_{1947} + 5B^3{}_{1947} + 7B^4{}_{1947}) \\ \quad + \text{births during 1948 and 1949.} \\ +\frac{1}{8}(7B^1{}_{1950} + 5B^2{}_{1950} + 3B^3{}_{1950} + B^4{}_{1950}) \\ \quad - \text{deaths aged 0 during 1948–50.} \\ \quad - \text{deaths aged 1 during 1949–51,}\end{array}\right\}$$

where B^1 1947 represents births during the first quarter of 1947, B^2 1947 births during the second quarter of 1947, etc. Allowance was made for migration.

Ages 6 *and higher*.—As mentioned above, in the broad outline of the general method employed, pivotal rates of mortality were calculated at five-yearly intervals and the values between obtained by interpolation.

Specifically, the procedure was as follows: From the population and deaths grouped in quinquennial age-groups, the population and deaths at the central ages were obtained by means of King's formula:

$$U_{x+2} = \cdot 2 w_x - \cdot 008 \triangle^2 w_{x-5}$$

where U_{x+2} is the population or deaths at age $x + 2$ and w_x is the sum of five values of the population or deaths for ages x to $x + 4$. The central death rate, m_x, was then calculated and q_x obtained by means of the formula:

$$q_x = \frac{2m_x}{2 + m_x}$$

These were the pivotal values used in the further calculations.

At higher ages, over 80 years, however, the values so obtained may not be accurate, as the result of the small numbers of population and deaths at these ages, as well as inaccuracies in the ages, and were not used. Instead, the pivotal values at the higher ages considered as reliable, were extended in the manner proposed by T. Greville (1). Although the values obtained by this method appeared to be acceptable according to the usual criteria, they may, nevertheless, be subject to comparatively large errors. Fortunately, errors in the values at the high ages have only a small effect on other life table values, such as expectation of life.

Interpolation was carrid out by means of Jenkins' fifth-difference osculatory interpolation formulae (2), reproducing for ages up to 20 years and non-reproducing for ages above 20 years. The formulae are as follows:

Reproducing formula:

$$u_x = xu_1 + \tfrac{1}{6} x\,(x^2 - 1)\,\delta^2 u_1 - \tfrac{1}{12} x\,^3(x - 1)\,\delta^4 u_1 + yu_0 + \tfrac{1}{6} y\,(y^2 - 1)\,\delta^2 u_0 - \tfrac{1}{12} y^3\,(y - 1)\,\delta^4 u_0$$

This formula reproduces the pivotal values.

Non-reproducing formula:

$$u_x = xu_1 + \tfrac{1}{6} x\,(x^2 - 1)\,\delta^2 u_1 - \tfrac{1}{36} x^3\,\delta^4 u_1 + yu_0 - \tfrac{1}{6} y\,(y^2 - 1)\,\delta^2 u_0 - \tfrac{1}{36} y^3\,\delta^4 u_0$$
where $y = 1 - x$.

The non-reproducing formula exercises a graduating effect on the pivotal values, which was considered advantageous for ages above 20 years. The pivotal values may not be quite free from error due to imperfections in the original data, some of which have been mentioned, and may as a result not accurately represent the underlying law of mortality, which these calculations are intended to approximate as closely as possible. It, therefore, does not appear unreasonable to apply a slight graduating process to them, in order to secure a more uniform progression of the

(1) United States Life Tables and Actuarial Tables, 1939–41, page 124–5.
(2) Population Statistics and their Compilation, by Hugh H. Wolfenden, 1954.

Die formule kom die gewone vereiste van 'n matematies-vloeiende aansluiting van die geïnterpoleerde waardes by die vyfjaarpunte na, maar die punte van aansluiting kom nie presies ooreen met die basiswaardes soos die geval is by die gewone oskulerende interpolasieformules nie. Dit lei daartoe dat 'n vloeiender kromme opgelewer word, wat egter die tendens van die gegewens behou.

Vir leeftye tot by 20 jaar, is dit, weens die besondere kenmerke van die jeugbevolking, raadsaam beskou om nie enige wysiging van die basiswaardes toe te laat nie en 'n reproduserende formule is gevolglik gebruik.

LEWENSTABELLE.

Nadat die kolom aantonende q_x, die waarskynlikheid om binne 'n jaar na die bereiking van leeftyd x te sterf, voltooi was, is dit gebruik om al die ander kolomme van die lewenstabel af te lei, wat soos volg is:—

p_x dui die waarskynlikheid aan om een jaar van leeftyd x te lewe en is gevind deur q_x van 1 af te trek.

l_x is die getal oorblywendes tot by presiese leeftyd x volgens die lewenstabel. Die eerste waarde word die grondgetal genoem en is geneem as 100,000. Al die daaropvolgende waardes is deur aanhoudende vermenigvuldiging deur p_x verkry.

d_x, die sterftes in die jaar van lewe x onder die l_x persone wat daardie jaar binnegegaan het, is die verskil tussen pare syfers in die kolom l_x.

L_x verteenwoordig die getal wat lewe in die jaar van leeftyd x, of die getal jare gelewe in die jaar van leeftyd x en is verkry deur die gemiddelde van l_x en l_{x+1} te neem vir alle leeftye behalwe leeftyd 0. In die geval van die eerste lewensjaar, waar nie aangeneem kan word dat sterftes gelykmatig versprei is oor die jaar van leeftyd nie, is die waarde van L_x soos volg bepaal:—

Daar is aangeneem dat die kinders wat onder die leeftyd van een dag gesterf het, gemiddeld 'n halwe dag gelewe het. Die getal dae wat gevolglik gelewe is gedurende die eerste lewensdag is die getal oorblywendes aan die end van die eerste lewensdag vermenigvuldig met een plus die getal sterftes by leeftyd onder een dag vermenigvuldig met 'n half.

So voortgaande volg dat die kinders wat gesterf het by leeftyd een tot ses dae gemiddeld drie dae bo die eerste lewensdag geleef het; gevolglik is die getal dae gelewe gedurende die leeftydsinterval 1–6 dae die getal oorblywendes aan die end van die sesde lewensdag maal ses plus die getal sterftes by leeftye een tot ses dae maal drie, ens., tot by leeftyd nege tot elf maande.

Die waardes so gevind, uitgedruk in jare, is bymekaargetel om die getal jare gelewe gedurende die eerste jaar van lewe te gee.

T_x stel die bevolking van die lewenstabel by leeftye x en alle hoër leeftye voor. Die waardes is gevind deur optelling van L_x.

$\overset{\circ}{e}_x$ stel die lewensverwagting voor, of die toekomstige gemiddelde lewensduur van 'n persoon presies x jaar oud. Dit is verkry deur elke waarde van T_x deur die ooreenkomstige syfer in die kolom l_x te deel.

BEREKENINGS.

Die lewenstabelle is deur middel van elektroniese masjiene opgestel. Alle rekenkundige werk, soos addisie, vermenigvuldiging en deling, is op 'n rekenpons uitgevoer. Vir die spesiale sortering van die ponskaarte is 'n elektroniese statistiese masjien gebruik. Alle tabelle is met 'n tabelleerder gelys.

mortality rates. The formula satisfies the usual requirement of securing a mathematically smooth junction of the interpolated values at the five-yearly points, but the points of junction do not exactly correspond with the pivotal values, as is the case with the usual osculatory interpolation formulae. This results in a smoother curve being produced, which, however, preserves the trend of the data.

For ages up to 20 years, it was considered advisable not to allow any modification of the pivotal values, owing to the special characteristics of the juvenile population, and a reproducing formula was, therefore, used.

LIFE TABLES.

After the column showing q_x, the probability of dying within a year after attaining age x, had been completed for the whole range of ages, it was used to derive all the other columns of the life table, which are as follows:—

p_x denotes the probability of living one year from age x, and was found by deducting q_x from 1.

l_x is the number surviving according to the life table to exact age x. The first value of the column is called the radix and was taken to be 100,000. All the successive values were derived by continued multiplication by p_x.

d_x, the deaths in the year of age x among the l_x persons who entered that year, is the difference between pairs of figures in the l_x column.

L_x represents the number living in the year of age x, or the number of years lived in the year of age x, and was obtained by taking the mean between l_x and l_{x+1}, for all ages except age 0. In the case of the first year of life, where it cannot be assumed that deaths are uniformly distributed over the year of age, the value of L_x was obtained as follows:—

It was assumed that the children that died aged under one day, lived on the average half a day. The number of days lived, then, during the first day of life was the number of survivors at the end of the first day of life multiplied by one plus the number of deaths at age under one day multiplied by a half.

Continuing in this way, we find that the children dying aged one to six days survived on the average three days beyond the first day of life, and accordingly the number of days lived during the age interval 1–6 days was the number of survivors at the end of the sixth day of life times six plus the number of deaths at ages one to six days times three; and so on up to age 9 to 11 months.

The values so obtained, expressed as years, were added to give the number of years lived during the first year of life.

T_x denotes the population of the life table at age x and all higher ages. The values were obtained by the summation of L_x.

$\overset{\circ}{e}_x$ represents the expectation of life, or the future lifetime which on the average will be lived by a person aged exactly x. It is obtained by dividing each value of T_x by the corresponding figure in the l_x column.

COMPUTATIONS.

The life tables were constructed by means of electronic punch-card calculating and tabulating machines.

All arithmetical operations such as addition, multiplication and division, were carried out on an electronic calculating punch. For the special sorting of the punch-cards, an electronic statistical machine was used and tables were listed by means of a tabulator.

VERGELYKING VAN VERWAGTE MET WERKLIKE STERFTES.

In tabel No. 9 word 'n vergelyking getref tussen verwagte sterftes op die grondslag van die berekende sterftesyfers en gemiddelde jaarlikse sterftes vir 1950–52 van leeftyd 6 af vir Blankes, van leeftyd 5 af vir Kleurlinge en van leeftyd 7 af vir Asiate.

Ten opsigte van Blankes, is die verskille tussen werklike en verwagte sterftes skynbaar nie oormatig groot nie. Die verskille verander taamlik reëlmatig van teken, en die totale netto verskil is onderskeidelik + 19 vir manlikes en + 17 vir vroulikes, of + ·17 persent en + ·20 persent van die totale. Die betreklike groot verskille by die hoë leeftye is te wyte aan die metode wat die tabel afsluit by leeftye wat nie onrealisties hoog is nie. Die ooreenkoms tussen die berekende en werklike gegewens word dus as bevredigend beskou.

In die geval van Kleurlinge, is die ooreenkoms tussen die werklike en verwagte sterftes nie baie bevredigend nie. Die totale verskille is deurgaans negatief behalwe by die hoë leeftye, waar hulle positief en groot is. Die totale netto verskil is + 81 of + 1·4 persent vir manlikes en + 200 of + 4·1 persent vir vroulikes. Die negatiewe verskille kan egter in 'n groot mate daaraan toegeskryf word dat die verwagte sterftes uit die onaangepaste bevolking bereken en vergelyk is met die onaangepaste sterftes, waar ophoping by sekere leeftye in beide gevalle teenwoordig is. As gevolg daarvan dat die ophoping by leeftye eindigende op die syfers 0 en 5 opmerkliker is by die sterftes as by die bevolking (kyk resultate van Myers se toets) is die werklike sterftes heelwat hoër as die verwagte sterftes by hierdie syfers en die oormaat word nie gebalanseer deur die tekorte by ander leeftye nie. Die groot positiewe verskille by die hoë leeftye mag daaraan te wyte wees dat leeftye te hoog opgegee is by die bevolkingsensus, maar nie ooreenstemmend te hoog by sterftes nie. Die basiese bevolking- en sterftesyfers toon 'n skynbare wanverhouding by die hoë leeftye. Indien 'n gedeelte van die bevolking by die hoë leeftye by laer leeftye aangetoon is, waar die sterftesyfers aansienlik laer is, sou 'n kleiner oormaat van verwagte bo werklike sterftes in die netto totaal getoon gewees het. Dit skyn dus dat foute in die basiese gegewens gedeeltelik verantwoordelik is vir die onbevredigende vergelyking. Die metode gebruik, sal ook die vergelyking beïnvloed, soos in die geval van Blankes.

Ten opsigte van Asiate is die ophoping nie so opmerklik nie en 'n beter vergelyking is verkry by alle leeftye behalwe die hoogstes. By die hoogste leeftye is die verskille taamlik groot en positief om dieselfde redes as in die geval van die ander twee rasse.

OORSIG VAN LEWENSTABELLE EN VERGELYKING MET VORIGE LEWENSTABELLE.

In die geval van Blankes toon die jongste lewenstabel 'n laer sterftesyfer by die meeste leeftye, vergeleke met die lewenstabel vir 1945–47. Die uitsondering is die leeftye 26 tot 33 en 58 tot 63 vir manlikes en 79 tot 82 vir vroulikes, waar effens hoër sterftesyfers getoon word deur die jongste tabel. Die verbetering in die sterftesyfer by leeftyd onder 1 is 3·39 per 1,000 vir manlikes en 2·86 per 1,000 vir vroulikes oor die tydperk van vyf jaar tussen die tabelle.

'n Vergelyking van die jongste tabel met die vroegste een (1920–22), toon baie treffend die verbetering oor die tydperk van 30 jaar in die sterftesyfers vir Blankes by alle leeftye, behalwe ongeveer 60 jaar en hoër vir manlikes. By leeftyd 0 het die sterftesyfer vir manlikes gedaal van 87·84 tot 37·89 per 1,000, terwyl die syfer vir vroulikes verminder het van 73·88 tot 30·05. By leeftyd 10 jaar is die syfer vir manlikes 'n derde van wat dit 30 jaar vroeër was en vir vroulikes 0·60 vergeleke met 1·64.

